



10 Bedreigings vir 'n veilige en geruste aftrede

Daar is verskeie bedreigings wat kan verhinder dat jy 'n veilige, finansiële aftrede ervaar. Sommige van hierdie bedreigings word deur jou eie toedoen veroorsaak, terwyl ander op jou afgedwing word.

Een van die implikasies van die verandering van 'n vastevoordeelfonds na 'n vastebydraefonds is dat die risiko op jou as persoon geplaas word en nie meer rus op die werkgewer of pensioenfonds self nie. Die grootste verantwoordelikheid wat op die toekomstige pensioen-trekker geplaas word, is die besluit hoe om 'n aftrede-inkomste te struktureer wat met inflasie tred sal hou en wat beide vir jou (en jou lewensmaat) volhoubaar sal wees tot en met jou/julle afsterwe.

Tien bedreigings vir finansiële sekuriteit

Die volgende tien bedreigings sou jou veilige aftrede in gedrang kon bring:

1. Die gebrek aan behoorlike beplanning

Die noodsaaklikheid van 'n finansiële plan wat haalbare, strategiese doelwitte uitstippel in terme van wat jy histories bereik het en hoop om in die toekoms te bereik, is al telkemale beklemtoon. Die belangrikheid van beplanning, beide tydens die jare van aktiewe werk en aftrede, kan nie genoegsaam beklemtoon word nie. Die bekende gesegde wat lui: "If you fail to plan, you plan to fail" is hier van toepassing.

Beplanning behels onder andere die stel van bepaalde doelwitte en die opstel van 'n behoorlike begroting om 'n volhoubare stroom van inkomste te verseker. Die klem val nie noodwendig op die beste moontlike uitkoms nie, maar wel op die mees toepaslike en bekostigbare oplossing. Die rol van 'n finansiële adviseur wat jou belange eerste plaas, kom hier ter sprake. Die taak van die adviseur is om jou van betroubare advies te voorsien en te voorkom dat jy jou eie grootste vyand word deur besluite te neem wat vir jou groot skade kan berokken en jou beplanning in die wiele kan ry.

2. Historiese gedragpatrone

Wat jy in die verlede gedoen of nie gedoen het nie, sal op jou finansiële sekuriteit tydens jou aftrede 'n impak hê. Hier sou 'n mens kon dink aan die probleem wat ontstaan as jy nie vroeg genoeg begin spaar het nie of nie voldoende gespaar het nie, jou aftreevoorsiening langs die pad reeds onttrek en gebruik het, swak beleggingsbesluite geneem het of deur een of ander ramp getref is.

Daar is net drie oplossings vir die probleme wat gekoppel kan word aan nadelige historiese gedragpatrone, naamlik:

- Aanhou werk
- Jou lewenstandaard verlaag en/of
- Staatmaak op die goedgegunstigheid van familie of vriende

Die noodsaaklikheid van 'n behoorlike finansiële plan spreek vanself om nadelige historiese gedragpatrone te voorkom. Geen plan kan egter opmaak vir 'n tekort aan spaargeld nie.

3. Hoë ouderdom

In Suid-Afrika vandag, as jy en jou lewensmaat 65 jaar oud is, het een van julle ten minste 'n 99% kans om te leef tot ouderdom 70, 'n 93% kans om 75 te bereik, 'n 81% kans om by 80 uit te kom en 'n 38% kans om 90 te haal. Anders gestel, as jy 65 jaar oud vandag is, kan jou "verwagte" ouderdom van afsterwe 79 wees as jy manlik is en 84 as jy 'n vrou is – maar dit kan gebeur dat jy nog langer lewe!

4. Gesondheid

In aansluiting by die vorige punt, is van die groot bydraers tot 'n langer lewe die ontwikkeling van mediese tegnologie, beter toegang tot gesondheidsorg en oor die algemeen 'n meer gesonde lewenstyl. Dit beteken dat mense langer mag lewe, maar ook dat meer mense sterwe aan degeneratiewe siektetoestande wat met ouderdom geassosieer word.

Daar is verskillende sake wat hieruit voortspruit, maar net enkele word genoem:

vervolg bl 2

- Discovery Mediese Skema reken dat 62% van totale mediese uitgawes na ouderdom 60 aangegaan word.
- Daar is verder in aftreenavorsing gevind dat pensioentrekkers dit toenemend moeiliker vind om tot 'n mediese skema by te dra of alternatiewelik die besluit neem om hulle plankeuse af te gradeer.
- Die toenemende behoefte aan versorging (tuis of in 'n oord) kan ook 'n geweldige impak op aftreevoorsiening hê.

5. Keuse van annuïteit

Die keuse wat gemaak word vir 'n bepaalde vorm van pensioen kan ook ingrypende gevolge hê. Die beweging om bepaalde regulasies uit te reik rondom verstekopsies deur pensioenfondse hang ten nouste hiermee saam. Daar word nou van pensioenfondse verwag om bepaalde pensioenopsies (annuïteite) as verstekopsies vir lede aan te bied met aansienlike fooibesparings vir die lede wat van hierdie "in fonds" keuse gebruik maak. Verder word ook aan fondse voorgeskryf om voorligting te gee aan persone wat wil aftree. Dit moet onderskei word van advies wat slegs deur 'n finansiële adviseur gegee kan word.

6. Vroeë aftrede of diensbeëindiging

Dit gebeur soms dat persone vroeë aftrede oorweeg en daarop besluit sonder om die volgende implikasies in ag te neem:

- Die verlies aan addisionele jare se bydraes tot hulle fonds

- Die verlies aan beleggingsopbrengste op hulle fondskrediet
- Addisionele jare se pensioen wat deur die persoon se fonds gedra moet word
- Die feit dat 'n gewaarborgde pensioen meer kos om uit te neem hoe jonger die persoon is

7. Inflasie

Die effek van inflasie is alombekend. Die R1 van vandag sal nie oor tien jaar R1 werd wees nie. Die illustrasie word gegee van 'n gelyke maandelikse pensioen van R10 000 per maand. Met 'n inflasiekoers van 6% is die koopkrag van daardie pensioen oor tien jaar R5 583; oor 20 jaar sal dit R3 118 wees en oor 30 jaar R1 741.

Die implikasie hiervan is dat daar tydens aftrede 'n beleggingsbeleid gevolg moet word wat poog om die verlies aan koopkrag van jou pensioen as gevolg van inflasie te beperk en beleggingsopbrengste bo inflasie te probeer realiseer.

8. Swak beleggingsbesluite

Hierdie bedreiging beklemtoon die noodsaaklikheid van ingeligte en weldeurdagte besluite met die oog op die tipe pensioen en beleggingsbeleid tydens aftrede. Hier speel finansiële advies en verantwoordelike rentmeesterskap 'n belangrike rol. Onwyse bestedingsgewoontes (soos die wisseling van behuising of gereelde aankoop van die nuutste motormodel) kom ook hier ter sprake. Die gevaar van die aanwending van skeidingspakkette om 'n onderneming te begin, is ook al op verskillende plekke deeglik bespreek.

9. Hoë koste en duur aftredeprodukte

In die omsendskrywe van die pensioenkantoor oor die instel van die IFLA (lewende annuïteit) is die belangrikheid uitgewys om koste in ag te neem by die keuse van 'n bepaalde pensioenprodukt. Koste kan oor 'n tydperk 'n eroderende effek op (wegvreet aan) jou pensioen hê en moet daarom gediskonteer word.

10. Die Boemerang Generasie

Persone wat aftrede nader, kom al meer agter dat die "leë nes" nie te lank leeg bly nie. Aan die een kant kom kinders en kleinkinders om verskillende redes weer by hulle ouers bly, terwyl dieselfde ouers wat hulle aftrede nader, aan die ander kant soms ook moet sorg vir hulle ouers. Die persone wat dus wil aftree, bevind hulle gevolglik dikwels in die sogenaamde "toebroodjie situasie" wat 'n groot effek op hulle aftrede-inkomste en -uitgawes kan hê.

Hierdie bedreigings wys daarop dat dit belangrik is om diep na te dink en deeglik voor te berei vir aftrede en die tyd daarna. Natuurlik bied goeie aftredebeplanning en aftrede-inkomste nie ons diepste troos en anker nie. Dit is geleë in die bron van al ons vreugde, ja die bron van alle lewe, Jesus Christus (Lied 167).

(Daar is vrylik gebruik gemaak van die inligting in die uitstekende boek The Ultimate Guide to Retirement in South Africa van Bruce Cameron en Wouter Fourie wat in 2018 uitgegee is.)

- Ds Monty Sahl (Voorsitter: PPF)

(FOTO REGS) Beheerliggaam van die Predikante Pensioenfonds soos op 23 Mei 2019 se vergadering

Vlnr: Mnr Christian Van Schalkwyk, ds Francois Herselman, ds Strydom Bruwer, ds Charl Stander, ds Monty Sahl (voorsitter), mnr Jan Swanepoel, ds Bossie Minnaar (Hoofbeampte), ds Petrus Fouché, ds Jampie Nel, ds Danie Mouton, dr Willem Fourie (pensioenaris), ds Petrus Botha, ds Egbert Steyn, dr Johan van den Heever, ds Mossie Mostert en ds Christo Alheit (pensioenaris) Afwesig: Mej Anél Grobler, mnr Leon Hanekom, ds Theunis Smit en mev Annerina Viljoen.

FSCA BESOEK

Die PPF se beheerliggaam is vroeg in Mei 2019 soos volg deur ds AH (Bossie) Minnaar, hoofbeampte van die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in SA, na die vergadering van 23 Mei 2019 opgeroep. Hier volg 'n uittreksel uit sy skrywe:

“Die goeie nuus is dat die FSCA (Financial Sector Conduct Authority) die PPF as een van Top 100 pensioenfondse beskou en daarom kom hulle ons besoek met die oog op 'n toesighoudende ondersoek op die perseel. Die FSCA dring daarop aan dat al die lede van die beheerliggaam teenwoordig moet wees. Ons is versoek om 'n aanbieding van die fonds te doen volgens 'n breë riglyn wat gegee is. Ek sluit die voorlopige skyfies vir die aanbieding in. Bestudeer dit asseblief deeglik. Die FSCA wil sien dat die trustees op hoogte van sake is. Elkeen sal dus (hopelik) met gesag oor enige van die skyfies kan praat!”

Wel, die besoek het op 23 Mei plaasgevind. “En die uitkoms? Tel die PPF regtig onder die Top 100

pensioenfondse?”

Aan die einde van die besoek is die verteenwoordigers van die FSCA gevra: “Gaan die PPF 'n verslag kry van die besoek?”. Dus: Hoe vaar die fonds? Of sommer in die volksmond: “*What's the score?*” As verantwoordbare trustees, wat die beginsels van goeie korporatiewe bestuur onderskryf, wil die PPF immers weet as dinge nie in plek is nie – sodat dit aangespreek kan word.

Wel, ek het die volgende vir my oumens oorvertel toe sy vra: “En hoe het dit toe afgeloop?” (die hoofbeampte moet maar 'n regstelling uitreik as ek verkeerd gehoor het ... my huismense sê aldag ek moet my gehoor laat toets ... “Pa hoor mos net wat hy wil ...”)

1. Die uitslag: Alles is reg en in plek. Die fonds word goed bestuur en alles word volgens die “boek” gedoen. Die woordvoerder het natuurlik groter woorde gebruik en was ietwat meer formeel en tegnies. Ek sou dit nog beter kon sê: Die PPF is tops!
2. Die voorsitter van die PPF, ds. MP (Monty) Sahn het vir die lede van die FSCA gevra: “Hoekom kom julle die PPF besoek? **Is daar dalk een of ander rede?**” Ek gaan weereens nie die FSCA se woordvoerder direk aanhaal nie, maar sê soos ek gehoor het: “Ons wou kom kyk, hoor en sien hoe 'n kerk 'n

pensioenfonds bestuur.” Ek het nogal by myself gedink: “Nou hoekom kom julle na hierdie fonds – daar is sekerlik baie fondse wat deur kerke bestuur word?”

Ek kan haar antwoord dalk nog beter weergee met: “**Hoe kry 'n kerk dit reg om onder die Top 100 pensioenfondse gereken te word?**” Liewe leser, as jy 'n oomblik stilstit en nadink wat kerke alles in hierdie land doen en regkry ... lees maar net die koerant en luister na die nuus ... vanaf godsdienstige praktyke tot en met hul geldsake – dan kan jy haar antwoord verstaan. Vir my oumens het ek gesê: “Ek dink die FSCA wou by die PPF kom kers opsteek”.

Dalk dink jy ek is ietwat verwaand met my terugvoer. Máár ek is na dese nog meer trots om te sê ek behoort aan die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in SA. Op maat van president Kennedy wat jare gelede in Duitsland gesê het, *Ich bin ein Berliner*, het ek aan die einde van die besoek 'n begeerte gehad om te sê: “*Ich bin ein PPF-ischer*”.

Namens Noord-Kaapland 'n woord van besondere dank aan die personeel van die PPF: Bossie Minnaar (hoofbeampte), Kenny Raats (bestuurder: menslike hulpbronne en pensioenfondse), Elodie van der Walt (administratiewe beampte) en Stephanie van der Merwe (rekenmeester).

- Ds. JPL Mostert (Noord-Kaapland)





Nuwe lede van die Predikante Pensioenfonds soos op 23 Mei 2019 se vergadering: Vlnr: Ds Francois Herselman (Wes-Kaap), ds Petrus Fouché (KwaZulu-Natal), mnr Jan Swanepoel (Wes-Kaap), ds Jampie Nel (Wes-Kaap) en dr Johan van den Heever (Wes-Kaap).



Alexander Forbes se personeel by die Predikante Pensioenfonds se beheerliggaamvergadering op 23 Mei 2019: Me Gerda Schoeman-Weyers (konsultant), me Reinet Niemandt (administrateur), mev Selfie Lotz (administrateur) en mnr Fanie Ferreira (konsultant).

Nuwe lede na trusteeverkiegings

Verskeie trusteeverkiegings het sedert Oktober 2018 plaasgevind en die volgende lede is verkies/herkies:

	Verkose lede	Aangewese lede
Noord-Kaapland	Ds. Theunis Smit	Ds. Mossie Mostert
Wes-Kaapland	Ds. Monty Sahd [Voorsitter]	Mnr. Leon Hanekom
	Ds. Strydom Bruwer	Me. Annerina Viljoen
	Ds. Francois Herselman [nuut]	Mnr. Jan Swanepoel [nuut]
	Ds. Jampie Nel [nuut]	Me. Anél Grobler
	Ds. Charl Stander	Mnr. Christian van Schalkwyk
	Dr. Johan van den Heever [nuut]	
Pensioentrekkers	Ds. Christo Alheit	
	Dr. Willem Fourie	
IFLA Annuitante	Dr. Willie Cilliers	

Sinodes wat nie nou verkiesings gehad het nie:

Oos-Kaapland	Ds. Egbert Steyn	Ds. Danie Mouton
KwaZulu-Natal	Ds. Petrus Botha	Ds. Petrus Fouché

Geluk aan ds. Monty Sahd wat eenparig as voorsitter vir die nuwe termyn aangewys is. Ds. Sahd het die aanstelling aanvaar en homself beskikbaar gestel tot einde November 2021, aangesien hy kort daarna aftree.

In KwaZulu-Natal was daar ook verwikkelinge. Met die aftrede van ds. Ben van Dyk (aangewese lid) einde Februarie 2019, is ds. Petrus Fouché (NG Kerk Kokstad)

as sekundus vanaf 1 Maart 2019 opgeroep. Ds. Petrus Botha (NG Kerk Pongola) is die verkose lid vir KwaZulu-Natal.

Oos-Kaapland se verkiesing vind nog plaas aangesien die huidige lede se termyn eers op 31 Oktober 2019 verstryk.

Wat die pensioentrekkers betref, was weduwees, wat in ontvangs van gadepensioen is, ook met die verkiesing verkiesbaar en

stemgeregtig. Slegs twee lede is genomineer en ds. Christo Alheit en dr. Willem Fourie dien weer namens die pensioentrekkers op die raad.

Die trustees wil graag die geleentheid benut om die trusteelede wat uittree, naamlik Theo Swart, Callie Visagie, Marius le Roux en Christo Meyer te bedank vir hul waardevolle insette en bydrae tot voordeel van die lede van die PPF oor die jare.

Implementering van verstekregulasies - 1 Maart 2019

Die sogenaamde verstekregulasies op aftreefondse het op 1 Maart 2019 van krag geword (Sien ook verlede jaar se nuusbrief waar ons kortliks daarvoor berig het). Hierdie berig se doel is om u in te lig van die verstekopsies wat deur die trustees in plek gesit is om aan hierdie wetgewing te voldoen.

Verstekbeleggingsportefeulje

Die fonds het reeds aan die vereistes van 'n verstekbeleggingsportefeulje voldoen. Die trustees het sedert die daarstel van die vastebydrae bedeling (2008) 'n lewensfase model geïmplementeer en die portefeuljes tans in gebruik voldoen aan die vereistes wat deur owerhede gestel is.

Verstekbewaring en oordraagbaarheid van voordele

Wanneer die lid die diens van 'n werkgewer verlaat, sal sodanige lid outomaties 'n opbetaalde lid van die fonds raak, indien geen

alternatiewe skriftelike instruksie deur die lid in dié verband gegee is nie. Die lid se fondskrediet word bewaar en hy/sy verdien steeds opbrengste ooreenkomstig die beleggingsportefeulje waarin gelde belê is. Die reëls van die fonds is hersien om hiervoor voorsiening te maak. Tot op datum maak 19 lede reeds van die voordeel gebruik. Die trustees moedig die beginsel ook sterk aan.

Verstek-annuïteitstrategie

Vanaf 1 Maart 2019 moet alle aftreefondse 'n annuïteitstrategie in plek hê wat lede 'n annuïteitprodukt bied wat deur die trustees goedgekeur is. Lede sal by aftrede nie outomaties aan die gekose annuïteit toegewys word nie, maar sal dit as 'n opsie kan oorweeg.

Die trustees het besluit om die In-Fonds Lewende Annuïteit (IFLA) opsie sodanig goed te keur, soos reeds voorheen aan lede gekommunikeer

is. Hierdie produk (IFLA) is binne die fonds en lede hoef nie die fonds by aftrede te verlaat nie. Die lewende annuïteit binne die fonds bied lede lae beleggingsfooie, lae adviesfooie asook lae administrasiekoste. Tot op datum het 32 lede reeds dié opsie by aftrede gekies.

Aftreeberading

Aftreefondse moet ook berading voor sekere gebeure aan lede voorsien, sodat lede ingeligte besluite kan neem. Sien toepaslike berig elders in die nuusbrief.

In kort, die PPF voldoen aan al die vereistes in dié verband.

Die verlangde uitkomst van die verstekregulasies is om te verseker dat die strategieë eenvoudig, kostedoeltreffend en deursigtig moet wees, met die hoofdoel om lede te help om 'n aftree-spaarfonds (neseier) op te bou en dit in 'n volhoubare inkomste te omskep wanneer hulle aftree.

PENSIOENVERHOGINGS MAART 2019

Die Predikante Pensioenfonds se langtermyn doelwit vir pensioenverhogings is 55% van die toename in die verbruikersprys (VPI). Statistiek Suid-Afrika het bereken dat die VPI op 'n jaargrondslag tot 31 Desember 2018 met 4,5% toegeneem het. Die Predikante Pensioenfonds moes dus poog om 'n verhoging van minstens 55% van hierdie 4,5% te gee, naamlik 2,48% (afgerond tot 2,5%).

Die aktuaris van die Predikante Pensioenfonds (Johan Geldenhuis van Alexander Forbes) het aangedui dat die trustees van die pensioenfonds die 2,5% opwaarts kan aanpas tot 3%. Dit beteken dat die aanpassing 67% van die VPI is – heelwat beter as die doelwit van 55%.

Die trustees het die aktuaris versoek om die koste-implikasie te ondersoek om die jaarlikse verhoging van 1 Maart na 1 Januarie te vervroeg. Sodra uitsluitel hieroor verkry word, sal daar met pensioentrekkers gekommunikeer word.

FINANSIËLE STATE 31 DESEMBER 2018

Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2018 is gedurende Mei 2019 aan die ouditkomitee en trustees van die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in SA voorgelê vir goedkeuring.


Die ouditeure het weereens 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitgereik. In die bestuursverslag het Deloitte enkele opmerkings gemaak:

- *“No difficulties were encountered during audit.*
- *No exceptions were noted.*
- *No significant matters were identified relating to the audit of related parties.”*

Die volgende drie jaarlikse aktuariële waardering, om die gesondheid van die fonds te bepaal, geskied weer in die eerste semester van volgende jaar (2020).

7 GEWOONTES

van finansiële veerkragtige pensioentrekkers





Is dit te laat om vir aftrede te begin spaar?

Beslis 'n toepaslike vraag vir ons jonger dominees en meer nog vir die bykans 16% PPF-lede wat op die laagste bydraevlakke (4,5% | 9,8% | 12,1% | 14,5%) in die fonds is.

Spaar vir aftrede hang van die volgende faktore af: tyd, bydraes en opbrengs.

Indien jy op een gebied agter raak, moet jy die verskil op 'n ander gebied inhaal. Finansiële raadgewers word dikwels oor die tydaspek uitgevra, want baie mense wil weet of dit steeds moontlik is om vir aftrede te begin spaar as jy 35 jaar of 45 jaar oud is, en indien wel, hoe?

As jy eers in jou 40's begin spaar, is daar minder tyd waarin jou geld vir jou kan werk, wat beteken dat jy op bydraes en opbrengs sal moet fokus.

Kom ons vergelyk byvoorbeeld twee beleggers wat albei in 'n uittree-annuiteit begin spaar. Albei teiken 65 jaar as aftree-ouderdom.

Belegger A begin op 20 jaar spaar met 'n maandelikse bydrae van R500. Sy/haar beleggingstermyn is 45 jaar ($65 - 20 = 45$)

Belegger B wat eers 15 jaar later op 35 jaar begin spaar, het 'n beleggingstermyn van 30 jaar ($65 - 35 = 30$)

Om dieselfde eindbedrag teen dieselfde opbrengskoers te behaal, sal **belegger B** R2 500 per maand moet spaar – vyf keer meer as **belegger A**.

Die slotsom is eenvoudig. Indien jy die meeste van jou opgaarfase-jare verloor het, sal jy baie meer aggressief met jou maandelikse bydrae moet wees.

Die tradisionele riglyn van “spaar 10% of 15% van jou inkomste” is nie genoeg nie. Hoe meer jy spaar, hoe groter is die kans dat jy jou ideale aftreedoelwit sal bereik.

'n Goeie aftreeplan kyk na al die faktore - tyd, bydraes en opbrengs – en verstaan hoe hulle van mekaar afhanklik is.

'n Gekwalifiseerde finansiële raadgewer kan jou help met die opstel van 'n spaarplan, wat jou nader aan jou aftreedoelwitte sal bring. Die uitvoering van die plan tesame met tonne selfdisipline berus by die lid.

- Met erkenning aan gedeeltes van 'n artikel van PSG Wealth soos wat dit Netwerk24 verskyn het -

Addisionele voorsiening vir aftrede

Studies toon dat lede/werknemers ten minste 15% van sy/haar inkomste oor 'n loopbaan van 35 jaar of langer moet spaar om 'n gerieflike aftrede te verseker. Daarteenoor is mediese koste een van die grootste kostedrywers na aftrede.

Om 'n lid se aftreevoordele uit die fonds aan te vul en om voorsiening te maak vir die mediese koste na aftrede, herinner ons lede graag aan opsies wat hul nou kan uitoefen:

- Bykomende lidbydraes tot die PPF; en/of
- Bykomende bydraes tot 'n aftree-annuiteitsfonds; en/of
- Gebruik maak van die belastingvrye spaarrekening wat op 1 Maart 2015 in werking getree het en waarvolgens individue van R33 000 per jaar tot 'n maksimum van R500 000 oor 'n leeftyd in sodanige belastingvrye spaarrekening

kan spaar. Dit is 'n belastingdoeltreffende reëling, aangesien enige inkomste wat op die individu se spaargeld in hierdie rekening verdien word, belastingvry is.

Lede word aangemoedig om addisionele, belastingvrye en vrywillige bydraes tot die PPF te maak. Werk-gewer- en werknemerbydraes tot 'n aftreefonds, wat uittree-annuiteite insluit, word vrygestel van belasting tot en met 27,5% van jou belasbare inkomste.

Aftreevoordele berading/voorligting

Die Pensioenfondswet vereis dat die fonds vanaf 1 Maart 2019 vir lede wat toegang het tot aftreevoordele, voorligting verskaf. Die verskaffing van dokumente soos jaarlikse omsendbriewe, asook die inligting op die webwerf (<https://www.ppfkaapkerk.co.za>) en ander dokumente bied aan lede toegang tot voorligting.

Lede wat 'n verdere verduideliking benodig oor die inhoud van hierdie dokumente, kan die fonds se aangewese voorligters kontak by die onderstaande adresse:

Hoofbeampte – Ds. Bossie Minnaar

021 957 7104 | 083 270 5211

bossie@kaapkerk.co.za

Bestuurder: Menslike Hulpbronne – Mnr. Kenny Raats

021 957 7104 | 082 886 5643

kenny@kaapkerk.co.za

Lede word egter sterk aangemoedig om 'n geregistreerde finansiële adviseur te raadpleeg oor die opsies beskikbaar by aftrede, aangesien die voorligters slegs inligting en 'n verduideliking daarvan kan gee en nie finansiële advies kan verskaf nie.

Lid advies

Alle lede, ongeag van hulle ouderdom, word sterk aangemoedig om betyds 'n professionele finansiële adviseur se advies rakende aftreebeplanning te vra.

Met die implementering van die In-Fonds Lewende Annuïteit (IFLA) het die fonds destyds met spesifieke finansiële adviseurs 'n ooreenkoms gesluit om finansiële advies teen vasgestelde pryse te voorsien. Die trustees het hierdie finansiële adviseurs gekeur en 'n

diensvlakooreenkoms met hul onderskeie maatskappye gesluit. Bekendstellingsbrosjures van die goedgekeurde adviseurs, Estiaan Visagie (Alexander Forbes Finansiële Beplanningsdienste) en George de Kock (Sanlam Bluestar) is by die pensioenkantoor asook op die webwerf beskikbaar.

Klik op IFLA by <https://www.ppfkaapkerk.co.za>.

Estiaan Visagie | 021 809 3699

George de Kock | 021 880 6636

Belangrikheid van 'n testament en benoemingsvorm

'n Testament, nes die pensioenfonds se benoemingsvorm vir begunstigdes, is 'n belangrike instrument in u aftreebeplanning.

U behoort 'n geldige testament op te stel wat u wense rakende die verdeling van u bates na u dood duidelik

uiteensit. U testament, asook die benoemingsvorm, moet ook telkens aangepas word wanneer u omstandighede verander. Banke en versekeraars word vanuit die koste-implikasie nie noodwendig as die mees ideale plekke beskou om jou testament te bewaar nie.

Risikovoordele: Wysigings vanaf 1 Maart 2019

Die risikovoordele wat lede geniet het op 1 Maart 2019 twee veranderinge ondergaan:

Ongeskiktheidsdekking geld nou tot ouderdom 65 (voorheen was dit slegs tot 60 beskikbaar).

Die Universele Opvoedingsbeskermer-voordeel is gekanselleer. Lede wat vir skoolgaande kinders se uitgawes voorsiening wil maak deur lewensdekking, geniet die jaarlikse opsie van buigsame lewensdekking.

Beleggingsoorsig


Soos ons die tweede helfte van 2019 betree, is dit duidelik dat die gang van wêreldmarkte nooit werklik akkuraat voorspel kan word nie. Aan die begin van 2019 was wêreldmarkte in 'n byna wanhopige stand. Slegte nuus (en prestasie) was aan die orde van die dag. Wie sou kon dink dat wêreldmarkte só vinnig en heftig kon reageer op wat die Amerikaanse president op sosiale media kwytraak!

Na 'n laagtepunt aan die einde van 2018, toe die fonds se langtermyn portefeulje se een jaar prestasie minus 2,3% was, het die eerste ses maande van 2019 skielik sterk opbrengste gelever. Die langtermyn portefeulje se ses maande opbrengs tot op 30 Junie 2019 was 7,4%, gevolg deur die konserwatiewe portefeulje met 'n 6,2% opbrengs oor dieselfde periode!

Amper geen van die bekommernisse wat 'n betekenisvolle invloed op wêreldmarkte in 2018 gehad het, is opgelos nie. Ekonomiese groei in Suid Afrika is baie traag en daar is steeds geen daadwerklike planne hoe om die ekonomie te stimuleer nie. Ekonomiese groeikoerse neem wêreldwyd af, die handelsoorlog tussen die VSA en China duur voort, daar heers steeds onsekerheid oor Brexit, en tog blyk daar tekens van hoop te wees en was wêreldmarkte oor die algemeen positief gedurende die laaste ses maande.

Dit blyk of hierdie gebeure nog vir 'n geruime tyd mag voortduur en markte wisselvallig sal bly.

Die grafiek hieronder weerspieël die opbrengste van die hoofindekse oor die afgelope 10 jaar tot en met 30 Junie 2019:




Oor die een jaar periode, het SA aandele 'n positiewe opbrengs gelever, maar dit was laer as die inflasiekoers en opbrengste op vaste-rentedraende bates soos nominale effekte en kontant. Opbrengste op Suid Afrikaanse risikodraende bates (aandele en eiendom) is nou al vir die afgelope vyf jaar relatief laag. Buitelandse aandele het in randterme beter gevaar oor die afgelope vyf jaar, onder andere as gevolg van die verswakking van die rand teenoor die Amerikaanse dollar oor hierdie periode.

Lede word deurentyd daaraan herinner dat die batebestuurders wat u fondse bestuur, asook die trustees, 'n langtermynsiening het wanneer

portefeuljes saamgestel word en wanneer portefeuljes en batebestuurders onderskeidelik evalueer word. As 'n lid, moet u ook bewus wees van u beleggingshorison en risiko's daarvolgens aanneem. Die trustees het vir elke portefeulje 'n inflasie-verwante prestasieteiken gestel oor 'n spesifieke tydperk, wat gepas is vir die hoeveelheid risiko wat 'n portefeulje aanneem.

Die grafiek hieronder demonstreer dat die langtermyn-, geldmark- en pensionarisportefeuljes*, soos op 30 Junie 2019, elk bo hul inflasiegekoppelde doelwitte presteer het (na fooie) oor die ooreenstemmende teikenperiode (opbrengste is uitgedruk per jaar):



* Die pensioenarisportefeulje se teiken was 4.0% p.j. tot en met 30 April 2017 en 3.5% p.j. daarna

Slotsom

Wisselvalligheid is 'n kenmerk van aandelemarkte en lede word

deurgaans daaraan herinner om 'n langtermyn strategie en visie ten opsigte van hulle aftrekgeld te hê en te behou. Die PPF het 'n langtermyn doelwit en herevalueer gereeld sy batebestuurders, asook die strategiese batesamestelling van

die portefeuljes, in 'n poging om die onderskeie opbrengsteikens te bereik. Alhoewel die trustees hulle bes probeer, kan hulle egter nooit waarborg dat die opbrengsteikens deurgaans behaal sal word nie.

- Lise Cress-Williams (Willis Towers Watson) -

Die verskil tussen reële terme en nominale terme

Nominale opbrengs

Nominale opbrengs is die werklike persentasie groei verdien op 'n belegging. Dit word gekwoteer as 'n persentasie. Byvoorbeeld, indien jy R100 belê het in 'n rekening en dit het gegroei tot R107, sal die nominale opbrengs 7% wees. Dit mag na 'n goeie opbrengs klink, maar dit sal beter wees om die waarde van die 7% nominale opbrengs te meet deur die impak op jou koopkrag te evalueer. Om dit te doen, moet jy die reële opbrengs van die belegging bepaal.

Reële opbrengs

Dit is die koers wat jy verdien nadat jy die koers van inflasie van die nominale opbrengs verhaal het. Deur inflasie in ag te neem, laat dit jou toe om die impak op jou koopkrag te bepaal. Ter aanvulling van die voorbeeld hierbo, as die nominale opbrengs 7% is en die inflasiekoers is 5%, dan is die reële opbrengs slegs 2%. Dus het die belegger slegs 2% meer geld in sy sak.

Inflasie

Inflasie is 'n verhoging in die prys van dieselfde kwaliteit goedere of dienste, of 'n algemene verhoging



in lewenskoste. Inflasie word normaalweg gemeet deur die koste van twee stelle of "mandjies" van identiese goedere op verskillende tye te vergelyk. Dit word ook amptelik gedoen deur die publiserings van verbruikersprysindekse.

Impak van inflasie

Indien u vergeet om die impak van inflasie in berekening te bring tydens u finansiële beplanning, kan die resultate ramspoedig wees. Indien u pensioen byvoorbeeld nie met

inflasie verhoog nie, sal u binnekort sukkel om maandeliks te oorleef.

Inflasie lei daartoe dat u voortdurend meer geld sal benodig om aan u behoeftes in die toekoms te voldoen. Daarom is dit van kardinale belang dat u inflasie in ag neem wanneer u u behoeftes bepaal.

Die effek van inflasie beteken ook dat u voortaan u finansiële beplanning op 'n gereelde basis moet hersien, omdat u bydraes met inflasie moet tred hou.

In memoriam

Die volgende predikante (13 pensioentrekkers en een aktiewe lid) het sedert Julie 2018 gesterf.

AKTIEWE LEDE

Dr PF Kriel – Ringsendingraad Vryheid, 14/11/2018

PENSIOENTREKKERS

Dr JMG Prins – Teologiese Kweekskool, 22/08/2018

Ds FA Henning – Otjiwarongo, 27/07/2018

Ds FJ Mostert – Polisie Kapelaan, 31/07/2018

Ds AG du Toit – Umtata, 10/09/2018

Ds HJ van Niekerk – NGK Postmasburg, 08/10/2018

Ds SHR Buckle – NGK Robertson, 20/10/2018

Ds E Viljoen – NGK Strand-Noord, 04/02/2019

Ds LA Schoonees – NGK Caledon, 13/02/2019

Ds JL van Heerden – NGK Parke, 05/04/2019

Ds PC van Rooyen – NGK Villiersdorp, 24/04/2019

Ds WM Grove – NGK Louis Trichardt, 20/04/2019

Ds RBT Rens – NGK Prince Alfred's Hamlet, 05/05/2019

Ds GP Burger – NGK Decoligny, 08/05/2019



PPF Konsultant



Alexander Forbes (Stellenbosch) vervul sedert 2009 die rol van konsultant vir die PPF. Jan Swanepoel het sedert Mei 2017 gedien as die fonds se hoofkonsultant, maar het einde Desember 2018 die diens van Alexander Forbes verlaat. Fanie Ferreira, 'n gekwalifiseerde aktuaris, is in Februarie 2019 aangestel as die PPF se nuwe hoofkonsultant.

Fanie het in 2004 sy B Com graad in Aktuariële Wetenskap by die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Hy het in Januarie 2007 by Alexander Forbes se kantoor in Kaapstad as aktuariële analis aangesluit. Fanie het in 2009 sy laaste aktuariële eksamen geslaag en het daarna in Desember 2009 gekwalifiseer as aktuaris. Hy praktiseer reeds sedert 2010 as aktuaris en dien tans as aktuaris en/of konsultant vir 'n wye

verskeidenheid van aftreefondse regoor Suid-Afrika en Botswana.

Fanie beskou die vermoë om moeilike konsepte te vereenvoudig en sodoende probleme op te los as sy grootste doelwit in sy beroep en put groot genot hieruit. "Dit is 'n voorreg, plesier en verantwoordelikheid om die PPF en al sy lede/deelhebbers tot die beste van my vermoë in my rol as konsultant te dien".

Die PPF verwelkom hiermee vir Fanie as konsultant, maar sê ook vir Jan Swanepoel (Fanie se voorganger) dankie vir sy bydrae as konsultant tot die fonds. Die goeie nuus vir die PPF is dat Jan se vaardighede en kennis steeds tot die PPF se beskikking is, aangesien hy op 1 Mei 2019 as werkgewertrustee van die fonds aangestel is.

Regte keuse? Baie mense se aftreegeld raak op voordat hul sterf, want hulle het 'n lewende annuïteit gekies en aanvanklik na hul aftrede te veel onttrek.

Suid-Afrikaners spaar te min vir hul aftrede; die minderheid mense kan gerieflik aftree; begin van jongs af spaar om die krag van saamgestelde rente te benut; werk so lank moontlik, moenie jou pensioengeld onttrek as jy van werk verander nie.



Spaarwenke

- Begin vandag.
- Kyk waar jy uitgawes kan verminder en belê daardie geld.
- Vergroot jou bydrae tot aftreefonds.
- Maak seker jy het die volle belastingvoordeel vir spaargeld benut.

Spaar. Hoeveel?

Probeer om 10 tot 14 keer soveel soos jou jaarlikse salaris gespaar te hê teen die tyd dat jy op 65 aftree. Dit behoort vir 'n pensioen van minstens 75% van jou salaris te sorg.